



/bb

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA
(NOORD GAUTENG HOë HOF, PRETORIA)

SAAK NO: 48444/2008

DATUM: 24/08/2010

IN DIE SAAK TUSSEN:

NICOLAAS JOHANNES SWART

EISER

EN

CA STARBUCK

EERSTE VERWEERDER

JH VAN RENSBURG

TWEEDE VERWEERDER

TV MATSEPE

DERDE VERWEERDER

MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

VIERDE VERWEERDER

UITSPRAAK

BAM, WR

[1] Die eiser, 'n ongerehabiliteerde insolvent, het 'n eis teen die eerste tot derde verweerders ingestel vir die betaling van skadevergoeding in die bedrag van R11 410 000,00.

[2] Die eerste, tweede en derde verweerders is deur die hof aangestel as gesamentlike finale kuratore in die insolvente boedel van die eiser op

16 November 2006. Die vierde verweerder is die Meester van die Hooggeregshof wat in sy nominale hoedanigheid gesetee is.

[3] Die eiser beweer dat hy oor die nodige *locus standi* hier in beskik deurdat hy 'n terugkerende en residuele belang in die administrasie van sy boedel het, waar enige oorskot na betaling van skulde aan hom sou terugval en dit ook sy rehabilitasie met gevolglike herstel van sy insolvente status kan bewerkstellig.

[4] Die verweerders, een, twee en drie, neem eksepsie teen die eiser se besonderhede van eis en voer aan dat eiser se besonderhede van eis nie 'n skuldoorsaak openbaar nie.

Die Eiser opponeer die eksepsie.

[5] Benewens die eksepsie doen die respondente ook aansoek vir 'n bevel dat die eiser sekuriteit aan die verweerders moet stel ingevolge die bepaling van Reël 47 alvorens die eiser met voornoemde aksie teen die verweerders kan voortgaan.

- [6] Die twee aansoeke is afsonderlik hanteer.
- [7] Mnr. Strydom, wat vir die eiser verskyn het, het my daarop attent gemaak dat die verweerders nie van die prosedure ingevolge die bepalings van Reël 23 gebruik gemaak het nie en bloot beweer dat die eiser se besonderhede van eis nie 'n skuldoorsaak openbaar nie. Mnr. Strydom het gesubmiteer dat daar 'n plig op die verweerders gerus het om die hof te oortuig dat die eiser se besonderhede van eis nie 'n skuldoorsaak openbaar nie. In hierdie verband het Mnr. Strydom na die volgende gesag verwys: *Pete's Warehousing & Sales CC v Bousink Investments CC* 2000 (3) SA 833 (E) op 349G-H; *First National Bank of South Africa Ltd v Perry NO* [2001] 3 AllSA 331 (A); *Vermeulen v Goose Valley Investments (Pty) Ltd* 2001 (3) AllSA 350 (A); vervolgens het Mnr. Strydom ook na die volgende aanhaling verwys:

“Insofar as there can be an *onus* on either party on a pure question of law it rests upon the excipient who alleges that the summons discloses no cause of action or that it pre-discloses a defence; an excipient has the duty to persuade the court that the

pleading is excipiable on every interpretation that can reasonable be attached through it.”

Sien *Theunissen v Transvaal se Lewende Hawe CO-OP Beperk* 1988 (2) SA 493 (A) op 411E-F; *Lewies v One Anate (Pty) Ltd* 1992 (4) SA 811 (A); *Steward v Botha* 2008 (6) SA 310 (SCA) op 313E-F. ‘n Verdere aanhaling wat Mnr. Strydom onderstreep het is die volgende:

“An excipient should make out a very clear, strong case before he or she could be allowed to succeed.”

Sien *Frances v Sharp* 2004 (3) SA 230 (C) op 237D-I.

- [8] Die regsbeginsels waarna hierbo verwys is, soos voorgehou deur Mnr. Strydom, is met respek korrek en van toepassing op die oorweging van hierdie eksepsie.
- [9] Die verweerders se eksepsie word soos volg opgesom deur Mnr. Leathern SC wat vir die verweerders verskyn:

“The exception has been brought on the basis that the plaintiff’s particulars of claim are bad in law alternatively failed to make averments that are necessary to sustain a cause of action.”

[10] Vir doeleindes van die oorweging van hierdie eksepsie ag ek dit gerade om die besonderhede van eis en ook die eksepsie soos dit bewoord is, volledig en *verbatim* te herhaal. ’n Opsomming van die besonderhede van eis en eksepsie soos dit in die pleitstukke verskyn sal na my mening die oorweging daarvan bemoeilik. Die relevante gedeelte van die eiser se besonderhede van eis lees as volg; (met uitsluiting van paragraaf 4 wat handel oor die bewering wat die eiser maak met betrekking tot sy *locus standi*.)

[11] Soos dit uit die besonderhede van eis blyk, voer die eiser aan dat die verweerders, 1, 2 en 3, sekere handeling verrig het met betrekking tot vaste eiendom wat deel van die eiser se boedel was. Dit is hierdie handeling wat eiser beweer hom genoop het om die verweerders vir skadevergoeding aan te spreek.

[12] Die besonderhede van eis waarop die verweerders hulle bekla is die volgende:

“7. *Prokureur E Chauke het oënskynlik namens die LJ Möller Trust, met registrasienommer IP2290/99 (“die Möller trust”) op 16 November 2005 drie koopaanbiedinge aan die eerste verweerder gemaak ten aansien van gedeeltes 5,8 en 13 van die plaas Doringdraai.”*

8. *Die voormelde aanbiedinge was spesiaal onderhewig daaraan dat al die eiendomme aangekoop word deur die koper, die totale bedrag van R1,625,000,00 en dat die water regte ten aansien van gedeelte 5 daarby uitgesluit is.*

9. *Op 14 Junie 2006 is die drie eiendomme na verwys in paragrawe 5.1, 5.2 en 5.3 supra in die naam van die Möller Trust geregistreer op grond van beweerde*

private ooreenkomste aangeaan ten aansien van al drie eiendomme op 1 Desember 2005.

10. ...

10.1 *Soos blyk uit die inskripsie van die lêer van die Meester van die Hooggeregshof, is slegs een van die koopoooreenkomste, synde die koopoooreenkoms ten aansien van gedeelte 8, oënskynlik onderteken namens die eerste verweerder op 1 Desember 2005 deur 'n onbekende persoon.*

10.2 *Die vereerders het oor die beweerde koopoooreenkomste beskik en welke verweerders genoegsame besondere kennis daarvan om enige onduidelikheid in die verband uit te klaar.*

11. *Die Möller Trust het gedeelte 13 verkoop aan die Boyles Familie Trust IT9742/99 op 29 Junie 2006 en oorgedra*

op die naam van die Boyles Familie Trust op 7 April 2008.

12. Die verkoping in die daaropvolgende oordrag van gedeeltes 5, 8 en 13 van die plaas Doringdraai, met water regte soos voorheen beskryf, was onreëlmatig en was die eiser se boedel wanadministreer op grond van die volgende:

12.1 Die beweerde koopoorreënkomste is nie behoorlik onderteken deur/namens die partye daartoe nie. En/of;

12.2 Die koopoorreënkomste, wat oënskynlik aangegaan is, is nie aangegaan namens al die kuratore in die boedel nie, alternatiewelik het die eerste verweerder die oënskynlike koopoorreënkomste in sy persoonlike hoedanigheid aangegaan. Die ooreënkomste is verwys bloot na GA Starbuck van

Lexstar Trustees as verkoper en nie na die kuratore kollektief nie.

12.3 Die eerste verweerder, alternatiewelik eerste verweerder, tweede verweerder en derde verweerder het nie oor die nodige bevoegdheid beskik om enige koopoorreënkomste namens die insolvente boedel van die eiser te sluit op 1 Desember 2005 nie, waar daar op daardie stadium geen voorlopige kurator aangestel was nie. En/of;

12.4 Op die stadium van die aanvang van die beweerde koopoorreënkomste het die Meester van die Hooggeregshof of die agbare hof geensins toestemming verleen tot die verkoping van die eiendomme nie, soos vereis deur artikel 18(3) van die Wet. En/of;

12.5 Die aansoek om uitbreiding van die voorlopige kuratore (sonder om te erken dat sodanige kuratore aangestel was), se bevoegdhede om die eiendomme te vervreem voor die tweede vergadering van skuldeisers kragtens artikel 80 bis van die wet, is eers afgelewer op 31 Januarie 2006. Op dieselfde datum is die sogenaamde toestemming deur die Meester verleen, die geldigheid daarvan waarvan ontken word, vir die verkoping van die vaste eiendom van die insolvente boedel, dus nadat die verkoping reeds plaasgevind het.

12.6 Die eerste verweerder het reeds op/ongeveer 27 Oktober 2005 persoonlik opdrag gegee aan Valuation Alliance (Edms.) Bpk om die eiendomme te waardeer, alvorens die eerste verweerder aangestel was as voorlopige kurator van die eiser se boedel om 'n alternatiewe in soverre sodanige optrede 'n gesamentlike optrede

van eerste verweerder, tweede verweerder en derde verweerder was, het hulle opgetree sonder dat hulle enigsins aangestel was as voorlopige kuratore van die eiser se boedel. Sodanige opdrag is gegee selfs nog voor die finale sekwestrasie van die eiser se boedel. En/of;

12.7 Die eiendomme is vervreemd aan die hand van hierdie waardasie, welke waardasie gebrekkig was. Die waardeerder het nie behoorlik oorweging geskenk aan alle relevante faktore nie. In die besonder is die water regte ten aansien van gedeelte 5 gladnie in aanmerking geneem nie. Die Möller Trust het egter die eiendomme gekoop spesiaal onderhewig daaraan dat voormelde water regte ingesluit word. En/of

12.8 Op 16 November 2005 het prokureur E Champion aanbiedinge gemaak ten aansien van die eiendomme, op 'n stadium toe geeneen van eerste

verweerder, tweede verweerder en derde verweerder aangestel was as voorlopige kuratore van die eiser se boedel nie. En/of

12.9 Geeneen van die eerste verweerder, twee verweerder en derde verweerder was op 1 Desember 2005 bevoeg en gemagtig om enigsins koopoooreenkomste aan te gaan namens die eiser se boedel nie. En/of

12.10 Die kuratore se artikel 80bis aansoek het hulle geweier, en/of die feit te openbaar dat daar 'n huurooreenkoms, wat deels skriftelik en deels mondelings aangegaan is, bestaan ten aansien van gedeelte 5 aangegaan deur en tussen die eiser en Doorndam Stoetboerdery BK (CK 97/32807/23). Die eiser en sy eggenote het egter vir Mev. Sonja Massyn van Valuation & Alliance ingelig van die bestaan van die huurooreenkoms en het Joop Lewies prokureur reeds op 12

Desember 2005 'n faks gestuur aan die eerste verweerder en op 16 Januarie 2006 aan die tweede verweerder waarin hulle meegedeel is van die bestaan van die huurkontrak.

12.11 Uit die Meester van die Hooggeregshof se lêer blyk dit dat die eerste verweerder op 14 Desember 2007 'n skrywe aan die Meester gerig het waarin tekene gegee is dat daar met die verkoping van die eiendomme voortgegaan word in die afwesigheid van enige besware. Oordrag van die eiendomme is egter reeds geregistreer in die aktekantoor op 14 Junie 2006 en/of;

12.12 Die Boyles Familie Trust het 'n aanbod van R590,000,00 gemaak ten aansien van gedeelte 5, maar is dit aan LJ Möller Trust verkoop vir slegs R500 000,00. Die Boyles Familie Trust het voorts 'n aanbod van R475 000,00 ten aansien van gedeelte 13, as synde dieselfde prys as waarvoor

dit verkoop is. Die eerste verweerder het egter nooit aan die Boyles Familie Trust te kenne gegee dat dit die konserwatiewe aanvanklike aanbod mag verhoog nie. En of;

12.13 Die oënskynlike verkoping van die eiendomme het plaasgevind sonder dat daar 'n publieke veiling was en sonder dat die werklike waarde van die eiendomme, insluitende die waarde van die water regte op gedeelte 5, behoorlik waardeer was, en/of behoorlik in ag geneem was as gevolg waarvan die eiser se boedel ernstige skade gely het en deurdat die tersaaklike eiendomme, water regte ingesluit, verkoop is vir 'n totale bedrag van R1,625 000,00. En/of

12.14 Die werklike waarde van die eiendomme ten tye van die vervreemding daarvan was R7,330,000,00 die waarde van die grond het R2,810,000,00

beloop en die water regte van gedeelte 5 (gedeelte van die restant) R4,520 000,00.”

(Ek het die verwysings na aanhangsels tot die besonderhede van eis uitgelaat.)

[13] Die verweerders se eksepsie is as volg bewoord:

“1.

Lack of capacity to claim

1.1

The plaintiff is an unrehabilitated insolvent.

1.2

The plaintiff claims in favour of himself as against the first, second and third defendants (apparently in their personal capacities) payment of an amount of money.

1.3

Any possible claim against the first, second and third defendants is one which vests in his estate and not in him personally.

1.4

The allegation contained in paragraph 4 in the particulars of claim to the effect that the plaintiff has the necessary locus standi as a result of him having a residuary or reversionary interest in the administration of his estate does not entitle him to claim damages in his own favour.

1.5

Accordingly the entire claim is bad in law.

2.

The claim for penalties

2.1

The entire claim for damages and penalties is on the basis of the conclusion set out in paragraph 13 (that apparently as a result of the allegations made in paragraph 12), the plaintiff's estate has been prejudiced and accordingly the plaintiff prejudiced.

2.2.1

The allegations in paragraph 12.1 that the sale agreements have not been properly signed by the parties thereto could not per se prejudice the estate. It is common cause that the properties had in fact been transferred in terms thereof.

2.2.2

Under the circumstances these allegations are bad in law and that they do not substantiate any prejudice or any claim in law.

2.3

The same criticism in regard to paragraph 12.1 applies to paragraph 12.2 save to state that it is common cause that transfer of the properties was given by the estate and in particular by the trustees (all three thereof).

2.4

In paragraphs 12.3 and 12.4 the plaintiff relies thereon that the certificate of appointment in respect of the first, second the third defendants was only issued at the provisions in terms of section 18bis only granted in January 2006 but the plaintiff annexes copies of the

alleged agreement (or at least offers) which do not indicate at all that the agreements were entered into on 1 December 2005.

2.5

Under the circumstances the plaintiff's particulars of claim directly contradict the "agreements" annexed.

2.6

In any event the plaintiff alleges that:

2.6.1

The defendants were appointed as joint provisional trustees on 24 January 2006 and this is confirmed by the certificate of appointment annexed as annexure "NS4".

2.6.2

The Master granted permission in terms of section 18bis of the Insolvency Act on 1 January 2006;

2.6.3

The agreements were entered into pursuant to the offers annexed to the particulars of claim.

2.7

Each of the offers (which subsequently became the agreements) therein on page 5 at the middle of the page a clause stating that “the agreement is further subject to the condition that the seller and/or Master of the High Court must grant the required consent, if applicable.

2.8

Under the circumstances any of the agreements only became valid and enforceable when:

2.8.1

The sellers being the trustees in the insolvent estate had been appointed by the Master; and

2.8.2

The Master granted the necessary permission as envisaged in section 18bis of the Insolvency Act of 24 of 1936, all of which it is alleged.

2.9

Under the circumstances in the agreement which was entered into became valid and binding prior to the transfer having been granted and subsequent to the first, second and third defendants having been appointed and granted permission by the Master.

2.10

The allegations contained in paragraph 12.5 are bad in law and do not contain allegations necessary to sustain a cause of action in that:

2.10.1

I stated hereinbefore all of the so-called “agreements” were in any event subject thereto that the Master granted the necessary permission;

2.10.2

There is no basis in law made out for the allegation that permission in terms of section 18bis of the Insolvency Act is not valid;

2.10.3

In any event there could have been no prejudice to the estate if an agreement was signed subject thereto that the Master granted the necessary permission, if it be common cause that it did.

2.11

The allegations contained in paragraph 12.6 do not constitute any prejudice whatsoever. In this regard reference is made to what is said hereinbefore regarding the conditional agreements. Even if the first, second and third defendants has not been appointed there was nothing preventing them from instructing a valuation on the immovable property to be done. At best the allegations contained herein could only grant a submission that the Master should not allow the costs incurred to obtain in such evaluation as an expense in the administration of the estate.

2.12

The allegations contained in paragraph 12.8 and 12.9 are, for reasons set out hereinbefore, similarly excipiable and do not raise any grounds for any prejudice to the estate or otherwise.

2.13

The allegations contained in paragraph 12.10 do not form ground for any cause of action whatsoever and lack averments necessary to sustain a cause of action in that:

2.13.1

It seems that there is a complaint that the valuer did not take into account an alleged lease agreement in respect of a portion of portion 5 of the movable property.

2.13.2

Such lease agreement would have the effect of reducing the value of the property rather than increasing it and there is no allegation made by the plaintiff to the effect that the existence of such lease agreement would increase the value of any of the property.

2.14

The allegations made in paragraph in 12.11 of the particulars of claim do not take the matter any further. There are no allegations made which indicate how the estate may have been prejudiced by such a letter.

2.15

The allegations contained in clause 12.2.1 similarly do not contain allegations necessary to sustain a cause of action in that there is no allegation made in fact or in law nor does such exist in terms whereof the first, second or third defendants were obliged to advise the Boyles Family Trust that they could increase their initial offer. There is furthermore no allegation made that the trust would in fact have done so.

2.16

The allegations contained in 12.13 and 12.14 do not contain allegations necessary to sustain a cause of action in that:

2.16.1

It is common cause that the sale and the transfer took place subsequent to the permission of the Master being granted in terms of section 80bis;

2.16.2

Under the circumstances there was no obligation to sell the immovable property by public auction or otherwise;

2.16.3

The fact that a subsequent evaluation may have been obtained does not entail that the previous sale was unlawful or in any manner prejudicial to the estates. There is not one allegation made that there was a purchaser willing and prepared to pay for the three properties as a whole.

3.

The reliance on section 82(8) of the Act

3.1

It is common cause that the Master in fact granted permission in terms of section 18bis of the Insolvency Act.

3.2

The plaintiff does not seek to set aside such permission.

3.3

Under the circumstances the submission contained in paragraph 14.2 of the particulars of claim has no basis in law.

3.4

Accordingly any purported reliance on the provisions of section 82(8) of the Insolvency Act is without any basis whatsoever.”

- [14] Mnr. Leathern SC het, met verwysing na die verweerders se eerste grond van eksepsie, gesubmiteer dat die eiser, terwyl hy beweer hy *locus standi* het, wat daarop gegrond word dat hy 'n terugkerende en residuele belang in sy boedel het, 'n skadevergoedingseis teen die verweerders instel in sy persoonlike hoedanigheid. Volgens die verweerder is sodanige eis onbestaanbaar in ons reg, met verwysing

na artikel 23 van die Insolvensiewet. Vervolgens het Mnr. Leathern ook gesubmiteer dat eiser se eerste bede daarop dui dat hy die skadevergoeding in sy persoonlike hoedanigheid eis en nie namens die boedel nie. Mnr Strydom namens die eiser het hierdie argument teengesprek. Hy het daarop gewys dat die eiser van meet af in sy besonderhede van eis, dit duidelik gestel het dat hy optree ten behoeve van sy insolvente boedel en dat daar geen eis is wat hy instel namens homself nie.

- Ek is van mening dat mnr. Leathern se argument nie korrek kan wees nie. Die eiser het na my mening geen ander remedie, in die omstandighede, sonder om op die meriete daarvan in te gaan, om die beweringe te maak wat hy wel gemaak het met betrekking tot sy *locus standi* nie. Die aanduiding wat daar gekry word van die besonderhede van eis is dat die eiser deurentyd bedoel om die skadevergoedingseis namens sy insolvente boedel in te stel.
- Vervolgens is ek van mening dat die eiser se formulering van sy eis met betrekking tot hierdie eerste aspek, (sien paragraaf 4 van

die besonderhede van eis wat reeds hierbo aangehaal is behoorlik gefundeer is.)

- Die verweerders se verdere punt van eksepsie is dat die eiser skadevergoeding eis namens homself – wat uit die aard van die saak ongeldig en ontoelaatbaar is. Die argument skyn na my mening nie reg te wees nie en ek is geneë om met mnr. Strydom se argument saam te stem naamlik dat die eiser namens die boedel optree en skadevergoeding eis namens die boedel. Die geheelbeeld wat die besonderhede van eis skep is dat die eiser nie in sy persoonlike hoedanigheid vir homself skadevergoeding eis nie maar, inderdaad, soos voormeld, namens die boedel. Die grond van eksepsie in hierdie verband behoort gevolglik na my mening ook nie te slaag nie.

[15] Mnr. Leathern, SC, met verwysing na die eiser se bewering dat die verkoop van die eiendomme wat ter sprake is onreëlmatig was aangesien daar nie aan formele vereistes van die verkoop in die omstandighede deur die verweerders voldoen is nie, net aan die hand gedoen dat die besonderhede van eis in hierdie verband soos

uiteengesit in die aangehaalde gedeelte hierbo, nie 'n skuldoorsaak openbaar nie. Die gronde vir die verweerders se eksepsie is ook reeds hierbo na verwys en aangehaal. Ek vind dit onnodig om ten opsigte van elke bewering wat die eiser in sy besonderhede gemaak het iedere en elke eksepsie van die verweerders ten opsigte van die toepaslike bewering te bespreek en te ontleed.

[16] Ek is van mening dat die gronde van die verweerders se eksepsie, met die opskrif “verweerskrif”, beter getiteld sou gewees het.

[17] Die eiser beweer in paragrafe 12.1 en 12.2 van sy besonderhede van eis dat die verweerders versuim het om die koopoooreenkomste en ander dokumente behoorlik en formeel te onderteken. Die verweerders in paragraaf 2 van die eksepsie met spesifieke verwysings na die inhoud van paragrafe 12.1 en 12.2 van die eiser se besonderhede van eis stel dit dat die besonderhede in die twee vermelde paragrafe genoem nie daarop dui dat dit die boedel van die eiser as gevolg van die nie-betekening van die dokumente benadeel is nie. Dit moet gesien word in die lig daarvan dat die eiser bloot beweer met betrekking tot hierdie twee paragrafe dat dit tekenend

daarvan was dat dit onreëlmstig was en dat die eiser se boedel gewanadministreer is. Vermelde beweringe deur die eiser is na my mening nie gronde vir 'n eksepsie nie.

- [18] Wat betref die res van die gronde van die verweerder se eksepsie blyk dit dat die verweerders se klagtes daarop gebaseer is dat ieder en elk van die beweringe wat die eiser maak nie geresulteer het in enige nadeel vir die boedel en/of die eiser nie. In hierdie verband meen ek dat die gronde van die verweerder se verweerskrif verskeie tegniese aspekte aanhaal met betrekking tot wat die verweerders se pligte was, hoe 'n boedel gadministreer behoort te word, hoe waardeerders se verslae bekom word en ook wie verantwoordelik gehou kan word vir waardeerdersverslae.

- [19] Die geheelbeeld wat ek kry van hierdie eksepsie en die bewoording daarvan is dat die verweerders die aandag aflei van sekere beweerde onreëlmstighede wat na bewering deur die verweerders gepleeg is. Dit is so dat beweringe van hierdie aard baie ernstig van aard is en ernstige implikasies vir die verweerders mag inhou. Dit is ook so dat daar 'n swaar plig rus op likwidateurs en beamptes soos die

verweerders met betrekking tot die afhandeling van boedels. Sien in hierdie verband *Standard Bank v Master of the High Court* [2010] 2 AllSA 135 SCA.

[20] Ek het met betrekking tot die bring van hierdie eksepsie noukeurig aandag gegee aan die bewoording van die eiser se besonderhede van eis. Ek is van mening dat die bewoording van so aard is dat dit baie wyd strek en vele moontlikhede insluit. Dit is egter die eiser se probleem om tydens die verhoor die beweringe te bewys.

[21] Die situasie met betrekking tot die eiser se *locus standi* waaroor die verweerders hulle bekla en waarna reeds hierbo verwys is, het mnr. Strydom die volgende gesubmiteer:

“... dat ’n eiser wel onder omstandighede waar die kuratore onreëlmatig opgetree het, en daar skadevergoeding gevorder moet word deur die boedel teen sodanige kuratore, die reg het om ’n terugkerende residuele belang in die administrasie van die boedel teen sodanige kuratore namens die boedel op te tree.

In Meskin: *Insolvency Law* word die volgende vermeld op paragraaf 5.14.3:

“The insolvent also may litigate against the trustee of his estate or another (by joining the trustee) in connection of any matter arising in the administration and where his (the insolvent’s) residuary interest in the estate is or may be affected for he retain such an interest notwithstanding that his estate vests in the trustee; in the words of Innes CJ: ‘... from the fact that the insolvent is under this disability, it does not mean that he had no rights whatsoever regarding the estate ... he has a very real revolutionary interest in it. The law provides that if there is any residue of paying the debts it is to be handed to the insolvent. Not only so, but it is to his interest that as many assets as possible shall be brought into the estate, and the debts reduced to their proper limits. He has an interest in seeing that this is done. An asset may suddenly become valuable which has been considered worthless, or he may have a legacy left to him which may enable him to clear our all his liabilities. Apart from that, it is so that the interest of the insolvent that his assets

should be increased and his liabilities reduced, because in that way the stigma of insolvency rests heavily upon him. And when he applies for his rehabilitation he is in a better position than if he had a very large margin of unpaid debts. Therefore from whatever standpoint in this regard the insolvent has a very real interest in the administration of the estate.”

(See *Mears v Rissik McKenzie and Mears Trustee* 1905 TS 303 at 305; *Neeuwoudt DT v The Master and Others* NNO 1988 (4) SA 513 (A) at 524 to 525 and 530; *Kuper v Stern and Hewitt* NO 1941 (WLD) 1 at 324; and *Edwards Woodnutt* NO 1968 (4) SA 148 (A) at 188.)

“In *Muller v De Wet NO and Others*, it was held that upon a proper construction of the aforesaid judgment of Innes CJ, and having regard to the provisions of section 23 (6) of the Insolvency Act, the insolvent’s right to litigate in these circumstances are restricted to cases which involve some irregularity or mal-administration of his insolvent estate.”

[22] Indien die bewoording van die eiser se besonderhede van eis ten opsigte van sekere aspekte vaag en argumenteerbaar verwarrend, is het mnr. Strydom van meet af onder my aandag gebring dat hierdie eksepsie nie gebring is ingevolge die bepalings van Reël 23 nie; Reël 23 het betrekking op beweringe in pleitstukke wat vaag en verwarrend is. Mnr. Strydom het beklemtoon dat die verweerder se klagte daarom draai dat die eiser se besonderhede van eis nie 'n skuldoorsaak openbaar nie. Hierdie hof is gebonde daartoe om die verweerders se saak te oorweeg soos dit gestel is.

[23] Ek is gevolglik van mening dat die verweerders se eksepsie teen die eiser se besonderhede van eis afgewys behoort te word met koste.

[24] Dit is ook deur Mnr. Strydom dan in die hof voorgehou dat benadeling nie hier te sprake is nie, soos dit deur die verweerders voorgehou word, die eiser se skuldoorsaak berus op die bepalings van artikel 82 van die Insolvensiewet aangesien artikel 80bis nie van toepassing is nie.

[25] Soos hierbo reeds vermeld is, is ek van mening dat die besware van die verweerders met betrekking tot die eiser se eis, soos dit bewoord is in die verweerder se eksepsie hoofsaaklik daarop neerkom dat dit 'n verweer is teen die besonderhede van die eiser se eis.

[26] Mnr. Strydom het opsommendewys ook die volgende argument aan die hof voor gehou:

“... Die aspekte wat verband hou met die onreëlmatighede en die wanadministrasie van die boedel deur die eerste, tweede en derde verweerders is aspekte wat deur middel van getuienis tydens die verhoor uitgeklaar sal word, en kan eerste, tweede en derde verweerders maar na willekeur sodanige verweer soos hulle goedvind tydens die verhoor opper. Dit is nie gronde vir eksepsie om aan te toon dat daar nie 'n skuldoorsaak openbaar is nie.

Verweerders se aansoek dat die eiser beveel word om sekuriteit te stel met betrekking tot die koste wat sal oploop in die saaknommer 48444/2008 tot die bedrag van R450 000,00.

[27] Die verweerders baseer hierdie aansoek om sekuriteit hoofsaaklik op twee gronde. Die eerste grond is dat die eiser 'n ongerehabiliteerde insolvent is sedert 1 November 2005, die datum van sy finale sekwestrasie; en tweedens dat sy eis teen die verweerders, op die meriete daarvan, roekeloos en kwelsugtig is (“reckless and vexatious”). Die eiser betwis dat hy onder die omstandighede aanspreeklik behoort te wees vir enige sekuriteit soos deur die verweerders geëis.

[28] Reël 47(3) van die Hofreëls lees as volg:

“(3) If a party from whom security is demanded contests his liability to give security or if he fails or refuses to furnish security in the amount demanded or the amount fixed by the registrar within 10 days of the demand or the registrar’s decision, the other party may apply to court on notice for an order that such security be given and that the proceedings be staged until such order is complied with.”

Die verweerders het dienooreenkomstig die bepalings van Reël 47(3) die aansoek vir die betaling van sekuriteit aan hierdie hof gerig.

[29] Erasmus in *Superior Court Practice* met betrekking tot die bespreking van Reël 47 op D1-342 met verwysing na verskeie sake in hierdie verband sê die volgende:

“(b) Actions by insolvents

An insolvent may be ordered to furnish security for the costs of an action brought by him or her but will not ordinarily be ordered to do so unless it is shown that his or action is reckless or vexatious. The mere fact that he or she is insolvent and that the action is one which would ordinarily be brought by the creditors does not entitle the defendant to demand security for costs, nor is there a presumption that such an action is vexatious.

If the insolvent sues in accordance with a right specially reserved for him or her by the Insolvency Act 24 of 1936 he or she cannot be required to furnish security unless his or her action is vexatious.

See (The action is vexatious.) as a general rule, the mere inability of a plaintiff or applicant as the case may be, who is an *incola*, to satisfy potential costs order against him or her is insufficient in itself to justify an order that he or she furnish security for his or her opponent's costs. Something more is required. The court must be satisfied that the main application is vexatious or reckless or amounted to an abuse of the process of the court.”

- [30] Die eiser voer aan dat sy eis teen die verweerders regtens gegrond is op die bepalings van artikel 82 van die Insolvensiewet van 1936. Verder ontken die eiser dat die aksie teen die verweerders kwaadwillig (“vexatious”) is. Gevolglik is gesubmiteer deur die eiser dat hy nie in die omstandighede verplig behoort te word om sekuriteit aan die verweerders te verskaf nie.

[31] Met betrekking tot die aspek of die eiser se eis roekeloos en/of kwaadwillig is, het ek reeds sekere opmerkings hierbo gemaak. Ek verwys daarna en volstaan daarmee dat na my mening daar geen aanduiding is waarvolgens ek kan bevind dat die eiser se eis inderdaad “reckless or vexatious” is nie. (Ek het daarna verwys dat die beweringe teen die verweerders, as eksekuteurs, baie ernstig van aard is en uit die aard daarvan dit geweldige implikasies vir die verweerders mag inhou. Dit is egter ook so dat die regsplig wat op kurators rus ernstig is en van sodanige persoon or persone vereis dat hy of hulle te alle relevante tye moet optree ingevolge die wetteregtelike bepalings wat van toepassing is en sonder om enige nadeel aan enige instansie en/of persoon en/of die insolvente boedel te veroorsaak. Sien in hierdie verband die saak van *Standard Bank v Master of the High Court* [2010] 3 AllSA 135 (SCA).

[32] Na oorweging van al die omstandighede in hierdie geval is ek van mening dat hierdie ’n geval is waar daar nie van die eiser enigsins verwag behoort te word om sekuriteit te stel nie.

[33] Wat die koste aanbetref is ek van mening dat die verweerders ook die koste van hierdie aansoek behoort te betaal. Dit sluit dan ook in die koste wat op die vorige geleentheid voorbehou is. Ek maak dus die volgende bevele:

Ad eerste aansoek – die eksepsie

1. Die aansoek word van die hand gewys;
2. Die verweerders, 1, 2 en 3 word beveel om die koste van die aansoek te dra, gesamentlik en afsonderlik die een betalende die ander kwytskeld te word;
3. Dat die verweerders, 1,2 en 3 die koste wat voorbehou is op 18 Augustus 2009 moet betaal gesamentlik en afsonderlik die een betalende die ander kwytskeld te word.

Ad tweede aansoek – aansoek om sekuriteit te stel ingevolge Reël 47.

1. Die aansoek van die verweerders word van die hand gewys;

2. Die verweerders, een, twee en drie word beveel om, gesamerlik en afsonderlik, die koste van die eiser te betaal, die een betalerde die ander kwytgeskeld te word.

AJ Bam

WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Advokaat vir eiser: Mnr T Strydom

Prokureur vir eiser: JJC De Kock Prokureurs

Advokaat vir verweerders: Mnr Leathern SC

Prokureur vir verweerders: Van Rensburg Koen & Baloyi